**OGGEND-BYBELSTUDIE**
**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**
**SONDAG 39**
**STUDIESTUK 20**

"Eer jou vader en jou moeder . . . . . ."

# GESAG en die 2016 jaar en die mensdom!

Ter inleiding . . . .

Wat dink jy van 'n opmerking soos die volgende:

" 'n Volk wat die vyfde gebod laat vaar, is 'n volk sonder daeraad."

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

En ook jou kommentaar as iemand sê:

"God het die 5$^{e}$ gebod as 'n rooi verkeerslig op die kruispunt van ons samelewing aangebring . . . ."

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Kom ons dink na oor die volgende:

- Lees Psalm 127:1. Watter betekenis het die vers, dink jy, met betrekking tot die 5$^{e}$ gebod?

- Lees Efesiërs 6:1-3
  → Wat dink jy beteken die woord "eer" letterlik?

  → Hoekom dink jy het die 5$^{e}$ gebod 'n belofte by?

- Watter betekenis het Ef. 6:5 met betrekking tot die 5$^{e}$ gebod?

- Wat sou jou kommentaar op die volgende aanname wees?
  "Die orde en vrede van 'n volk staan of val in die lewe van die huisgesin . . . .'

- Alhoewel die gesin baie (kern) belangrik is, gaan dit in die 5$^{e}$ gebod om eerbied teenoor ALLE deur God aangestelde gesagsdraers in 'n mens se lewe. Van die ouers tot onderwysers, tot die owerheid, tot die kerk, tot God.

→ Lees Romeine 13:1-7
Let veral op vers 1: "Daar is geen gesag wat nie van God kom nie."
Wat beteken dié Skrifuitspraak vir jou in jou lewe?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

- Paar praktiese opmerkings m.b.t. die 5$^{e}$ gebod om biddend oor na te dink:

→ Watter rol speel die kerk nog in ons samelewing?

________________________________________

________________________________________

→ Watter houvas het die dominee nog op sy katkisante?

________________________________________

________________________________________

→ Watter gesag het die ouderling nog in sy wyk vandag?

________________________________________

________________________________________

→ Watter gesag het die Woord van God nog vandag in die lewenspatroon van die moderne mens?

________________________________________

________________________________________